



**Die Bybel: 'n Direkte Vertaling**

**NUUSBRIEF 27**

**8 November 2017**

Geagte broer en suster in die Here

Hiermee lewer ons graag weer verslag van die vordering met die werk aan *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* en die huidige stand van sake. Dit is in wese dieselfde verslag wat op 31 Oktober 2017 by die Kerklike Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans gelewer is. Dit nogal op die 500ste viering van die Hervorming. 'n Besondere erfenis is in herinnering geroep, maar daar is ook met dank kennis geneem van die Wittenbergverklaring van 5 Julie 2017, asook die hartlike samewerking met ons Katolieke kollegas in die BDV. Die gepubliseerde *Hervorming 500: Die Brief aan die Romeine*, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 2017, is ook aan die lede van KABA beskikbaar gestel. Dit behels die BDV-vertaling van die Romeinebrief aan die einde van Fase 3b, so daar mag dalk hier en daar nog in Fase 4 klein wysigings plaasvind tydens die kontrole van konsekwentheid, en die oorweging deur die Begeleidingskomitee in Fase 5.

**LIG IN DIE TONNEL**

Soos vroeër vanjaar meegedeel, het die Bybelgenootskap versoek dat alles moontlik gedoen moet word sodat die BDV teen die einde van 2020 gepubliseer kan word. Dit impliseer dat die Redaksionele Komitees teen die middel van 2019 met hulle werk klaar moet wees, asook alles reeds deur Fase 5. Daarna volg die proses van finale kontroles, uitleg en publikasie deur die Bybelgenootskap.

Dit plaas groot druk op die lede van die Redaksionele Komitees wat almal al 11 jaar ouer is as toe die projek begin is. Verder is u bewus van die drastiese besnoeiings aan die universiteite (asook soms onrus en ontwinging) wat 'n groot impak het op die kollegas se vermoë om tyd vir die BDV beskikbaar te stel.

**VORDERING**

Statisties gesproke is die vordering tans soos volg:

	<b>OT</b>	<b>DK</b>	<b>NT</b>	<b>Bybel as geheel</b>
<b>Fase 1:</b>	100%	100%	100%	100%
<b>Fase 2:</b>	97%	100%	100%	98%
<b>Fase 3:</b>	0%	99%	100%	34%

In **Fase 2** het die 2RKOT tydens die pas afgelope sessie Jeremia 50-52 en Job 1-35 geredigeer. Ná Fase 2 word tekste aan kerklike lesers gestuur en op die webblad vir algemene kennisname (en kommentaar) geplaas. Dit word egter nie ná Fase 3 en 4 gedoen nie, weens die verdere tyd en arbeid wat dit in beslag neem. Hou daarmee rekening dat tekste wat in Fase 3 reeds deur die Redaksionele

goeie nuus vir almal vir altyd  
good news for all for ever

Komitees oorweeg is, beslis na aanleiding van die kommentaar in bepaalde opsigte gewysig is, asook weens die feit dat waar moontlik bepaalde veranderings dadelik konsekwent, waar ter sake, aangebly word.

In **Fase 3** moet kommentaar deur lesers op die hele **Ou Testament** (579 822 woorde) gedurende 2018 oorweeg word. Daar sal gepoog moet word om alles gedurende 2018 af te handel. Met die oog hierop is beplan om die gewone duur van sessies van die Redaksionele Komitee Ou Testament van die gebruikelike vyf dae na ses dae per keer (vir die vier beplande sessies van 2018) te verleng. Ons bly steeds dankbaar vir die onbaatsugtige diens wat kerklike lesers te midde van hulle eie vol programme lewer om die projek te bevorder deur die kommentaar wat hulle instuur. Ons vra egter om verskoning vir die korter periodes vir die lees van tekste deur kerklike lesers, maar u sal hopenlik begrip daarvoor hê gesien die tydraamwerk wat reeds genoem is.

Ook in **Fase 3** is die kommentaar van lesers op die **Deuterokanonieke boeke** feitlik alles afgehandel, maar 'n verkorte sessie is vir die einde van November 2017 belê, waar dit hopenlik gefinaliseer sal kan word. Hoewel Fase 3 van die Redaksionele Komitee **Nuwe Testament** se werksaamhede reeds op 21 September 2015 afgesluit is, is daar nog op daardie dag en daarna steeds kommentaar ontvang. Hoewel die werk van die ander Redaksionele Komitees dringend moes voortgaan, is tog geoordeel dat daar maar nog 'n sessie van die RKNT in "beseringstyd" moet plaasvind. Dit het van 3-7 Maart 2017 plaasgevind en die ingekome laat kommentaar is toe alles verwerk. Maar daarna is die werk afgesluit, soos verstaan kan word.

In **Fase 4** moet aandag aan die konsekwentheid in die Ou Testament, Nuwe Testament en Deuterokanonieke boeke gegee word. Dit gebeur egter deurentyd waar dit nou reeds enigsins moontlik is. Dit het wel tot gevolg dat daar kleiner wysigings aan die teks en voetnote kan plaasvind aan boeke wat reeds in Fase 3 afgehandel is.

In **Fase 5** moet die Begeleidingskomitee, as beleidskomitee, die hele Bybel goedkeur, waarna die BSA se kontroles en uitleg met die oog op publikasie volg.

## HOOFLETTERS IN DIE OU TESTAMENT

Vanweë die vordering in die Ou Testament, is daar weer 'n vergadering van die Werkkomitee: Hoofletters in die Ou Testament belê vir 31 Oktober 2017, na afloop van die vergadering van die Kerklike Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans. By hierdie geleentheid is aan elkeen ook 'n eksemplaar van *Hervorming 500: Die Brief aan die Romeine*, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 2017, oorhandig. Daarin is 'n hele aantal voorbeelde van die gebruik van voetnote by aanhalings en verwysings in Romeine (na bepaalde Ou-Testamentiese tekste) wat in Romeine na Jesus Christus verwys.

## BEGELEIDINGSKOMITEE

Ons verwelkom ook graag dr. Anton van Deventer van die Volle Evangelie Kerk van God in Suidelike Afrika wat deur die Bybelgenootskap op die Begeleidingskomitee (BK) benoem is. Hy het reeds die vergadering van die BK op 10 Mei 2017 bygewoon en ons sien uit na sy verdere bydrae tot die werksaamhede van die BK. Soos gebruikelik het die BK weer aandag aan bepaalde beleidsake gegee,

onder die gebruik van **leenwoorde** (vreemde terme) in die BDV. Soos reeds bekend het die BK op **2015-10-21** besluit:

Dat vreemde terme in die huidige teks van 3RKNT voorlopig gehandhaaf word soos dit op die webblad geplaas word, ook in die lig daarvan dat Ou-Testamentiese en Deuterokanonieke tekste nog in Fase 3 aan lesers gestuur en op die webblad geplaas word.

In die volgende *Die Saaier* wat teen die einde van November 2017 verskyn, word daar aan die hand van voorbeelde 'n meningsopname by lesers gedoen. Na aanleiding van die moontlike bekendstelling van die BDV in 2020, is besluit dat die Begeleidingskomitee (in die lig van kommentaar deur lesers, en navorsing deur die Bybelgenootskap) gedurende **2018** 'n finale besluit oor die gebruik, al dan nie, van die leenwoorde sal neem.

#### **PETISIE**

Die petisie teen die BDV het gedurende Augustus 2017 skielik weer opgevlam. Wanneer die Bybelgenootskap navrae in hierdie verband ontvang, word die nodige inligting dadelik beskikbaar gestel. U word vriendelik versoek om te help om die onwaarhede aan die kaak te help stel en verdere inligting by die Bybelgenootskap aan te vra indien nodig. Die sekretarisse van die Bybelgenootskap verskaf wel tydens besoeke aan gemeentes inligting in hierdie verband. Die Kerklike Advieskomitee het reeds in Oktober 2016 'n dokument goedgekeur wat handel oor die **Oorlewering van die Bybelteks en Die Bybel: 'n Direkte Vertaling**. Dit is aan die sekretarisse beskikbaar gestel om op groot skaal in gemeentes versprei te word.

Ten spyte van verskillende aksies van bemarking, bekendstelling deur Bybelgenootskap-sekretarisse en gereelde verslae deur die BDV aan alle denominasies, is daar steeds mense wat beweer dat hulle "nie weet van die BDV" nie. Die rol van plaaslike leraars, pastore en geestelike leiers om die projek bekend te stel, kan nie genoeg beklemtoon word nie, asook om korrekte inligting te versprei en valse gerugte te weerlê.

#### **ANDER SAKE**

Wanneer verteenwoordigers van die BDV die geleentheid kry om aan kerklike vergaderings of op ander terreine inligting oor die projek te verskaf, word dit met dankbaarheid benut.

Dit is met leedwese dat ons moet meedeel dat prof. Henning Snyman ons op 31 Maart 2017 ontval het. Hy was as letterkundige betrokke in 28 spanne in Fase 1 en 2 van die BDV en het ook op al drie Redaksionele Komitees gedien. Hy het 'n besondere bydrae gelewer deur telkens op die poëtiese aard van tekste te wys, hy het ook soms onder hoflike protes ingegee op bepaalde punte, maar steeds met instemming dat die brontekste werklik getrou weergegee moet word. Hy was geëerd en gerespekteerd onder sy kollegas, een van 'n seldsame klas filoloë wat ewe tuis was in die linguïstiek (veral die semantiek) as in die letterkunde. Hy kon werklik met gesag oordeel as akademikus. 'n Opvallende kenmerk was dat hy sy uitstaande intellek met sy geloof kon integreer, en die insigte van die wetenskap as deel van die goddelike openbaring geïnterpreteer het. Sy heengaan is 'n groot verlies vir baie, maar ook vir hierdie projek.

Verder is dit vanjaar presies 100 jaar gelede dat die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* verskyn het. Dit is dan ook gepas dat die elfde, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe vanjaar verskyn het. Die BDV is so bevoorreg dat prof. Ernst Kotzé (voorsitter van die Taalkommissie 2002-2012) steeds as letterkundige op Redaksionele Komitees en die Begeleidingskomitee dien en die projek voortdurend van kundige advies bedien. Sedert die *1933/53 vertaling* was daar nog altyd die nouste samewerking tussen die Bybelgenootskap en die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en ons is besonder dankbaar vir die oop kanaal en wisselwerking tussen prof. Kotzé en die Taalkommissie.

Net weer 'n herinnering aan die webblad [www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za). Daar sien u tekste wat aan die einde van **Fase 2** vir kommentaar beskikbaar gestel word, asook tekste aan die einde van **Fase 3 – bloot vir kennisname** – waarin die *kommentaar van kerklike en ander lesers* reeds verwerk is, en die teks dus voorlopig "gefinaliseer" is. Op die webblad word ook van tyd tot tyd bepaalde sake in die "vraag en antwoord"-rubriek aan die orde gestel, soos byvoorbeeld, waarom die vertaling "ghong" in 1 Kor 13:1 gebruik word, asook opmerkings oor die spelling van eiename en die gebruik van aanhalingstekens.

#### DANK

Graag wil ons namens die projek ons opregte dank betuig teenoor die Uitvoerende Hoof van die Bybelgenootskap, Ds. Dirk Gevers; die Hoof van Kommunikasie, mev. Mims Turley; die Hoof van Vertaling, dr. Masenyani Baloyi met mevv. Norinda van der Westhuysen (Sekretaresse); Nicolene van der Walt (Administratiewe Assistent), Marietjie Marais (Projekbeampte) en mnr. Jaco Gunter (Paratext steun); verder ook teenoor alle kollegas in die vertaalspanne, maar veral in hierdie fase van die proses, die lede van die Redaksionele Komitees en die Begeleidingskomitee.

Boweal gaan ons dank en erkentlikheid aan die Here vir die genade om met hierdie taak vertrou te word, sy seën en leiding aan ons, en aan u almal vir u volhardende voorbidding, waarsonder die taak nie voltooi kan word nie.

Vriendelike groete



Bernard Combrink  
Projekleier  
*Die Bybel: 'n Direkte Vertaling*